# AFRIKAANS

# Tema 9

## Graad 6

Week 8: 8-12 Junie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag: 8 Junie

*Handboekverwysing p. 97*

Kyk na die skets op p. 97 en beantwoord vraag 1-5 volledig.

Opskrif vir aktiwiteit: Inleiding p. 97



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag: 8 Junie

*Handboekverwysing p. 99*

Gaan na die geel blokkie op p. 99 en lees die kenmerke van ‘n jeugverhaal. Dit is belangrik dat jy weet wat ‘n jeugverhaal is voordat jy die volgende aktiwiteit kan beantwoord. Indien daar moeilike/groot woorde is in die blokkie, gebruik asb ‘n woordeboek om die betekenis van die woord op te soek.

Bv. Geloofwaardig: Wat geglo kan word. / Waarop jy kan staat maak.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag: 8 Junie

*Handboekverwysing p. 100-101*

Lees Teks 1 (‘n Jeugroman) twee keer deur en doen die aktiwiteit (VATSAAM) onderaan p. 101.

Jy gaan ‘n opsomming van die inhoud van die jeugroman moet maak.

Opskrif vir aktiwiteit: Vat saam p. 101




**Hoe moet my opsomming lyk?**

Haal SLEGS die belangrikste/hoofpunte uit die jeugroman en skryf dit in volsinne. MOENIE dit puntsgewys neerskryf nie. Skryf ‘n kort paragraaf van 4-5 volsinne.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 9 Junie




*Handboekverwysing p. 100-102*

Lees nou weer Teks 1 (‘n Jeugroman) deur en doen die aktiwiteit bo-aan p. 102.
Jy gaan nommer 1-11 in jou Algemene Skryfboek doen.

Opskrif vir aktiwiteit: Teks 1: Post lees p. 102

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 10 Junie

*Handboekverwysing p. 102*

Voltooi die Woordeskat aktiwiteit onderaan die bladsy. Onthou om die woorde ALFABETIES neer te skryf en die definisie langsaan die word neer te skryf.

Los spasies tussen die woorde.

Opskrif vir die aktiwiteit: Woordeskat p. 102



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 10 Junie

Jy gaan nou ‘n aktiwiteit oor HOMONIEME voltooi. Kan jy nog onthou wat is homonieme?

Homonieme is woorde wat dieselfde gespel word en dieselfde klink, MAAR hulle betekenis verskil.

Bv. Ken: Ek ken die persoon goed.
Ek het op my ken geval.
In die eerste sin verwys ek na ek weet van iets.
In die tweede sin verwys ek na ‘n liggaamsdeel.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 10 Junie

Voltooi nou die volgende aktiwiteit. Jy MOET twee sinne by elke woord skryf om die verskillende betekenisse te verduidelik.

Bv. By: Die **by** het my op my toon gesteek. Ek is **by** die huis vandag.

Opskrif: Homonieme

1. vlei
2. leer
3. lig
4. vee
5. vertrek



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 11 Junie

LAERSKOOL MIKRO

Vandag gaan ons jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



| | |
|---|---|
| Eerste 30 min: | LEES |
| Tweede 30 min: | SPEL |




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 11 Junie

| Eerste 30 minute | Tweede 30 minute |
| --- | --- |
| Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts.<br><br>Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen.<br><br>Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waaroor die storie gaan.<br><br>Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie. | In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.6). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek).<br><br>Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak.<br>Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf.<br>Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is.<br><br>Opskrif: Spelgroep 2.6 Sinne |

**TOETS 2.6**

moontlikheid
verseker
duisende
onmoontlike
vermis
verteller
gewillig
kindertjies
waarskuwing
alfabeties
betekenis
adellik
skuiling
betekenisse
restaurant

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 12 Junie

LAERSKOOL MIKRO

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.
Opskrif: Speltoets 2.6

**<u>JY MAG NIE</u> NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE AFGEHANDEL IS NIE!! Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag nou voor die rekenaar wees.**

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of pappa jou spelwoorde merk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 12 Junie

## Spelwoorde 2.6

1. verseker
2. duisende
3. onmoontlike
4. verteller
5. kindertjies
6. waarskuwing
7. betekenis
8. skuiling
9. betekenisse
10. restaurant

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 12 Junie


*Handboekverwysing p. 105*

Voltooi asb. ook die volgende oefening in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif vir aktiwiteit:

Spelling van verkleinwoorde p. 105

Lees die verduideliking oor verkleinwoorde op p. 105 en voltooi nommer 1a-c.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans voltooi.

Ons sal al die memorandums vir jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©